# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# MIng Tegnologiebestuur (12250253)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 180 |

## Programinligting

- Tensy die Dekaan, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, anders besluit, word die magistergraad toegeken op grond van ’n verhandeling (insluitend ’n eksamen oor die verhandeling).
- 'n Minimum van 180 krediete word vereis vir die MIng.

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, Reg. G.1.3 en G.54, word ?n BIngHons-graad, of ?n gelykwaardige kwalifikasie vereis vir toelating tot die MIng-programme.

## Eksamens en slaagvereistes

Die bepalings van toepaslike Fakulteitsregulasie geld.

Die Dekaan kan, op aanbeveling van die departementshoof, besluit om ’n student vry te stel van die eksamen oor die verhandeling.

Die gemiddelde punt van al die eksaminatore is die finale punt, met ’n slaagsyfer van minstens 50%.

## Navorsing

Die student moet deur middel van ’n verhandeling bewys lewer dat hy of sy in staat is om ’n wetenskaplike ondersoek te beplan, in te stel en uit te voer. Tensy die Senaat, op aanbeveling van die betrokke studieleier, anders besluit, moet die student voor of gelyktydig met die indiening van die verhandeling ’n bewys uitgereik deur ’n erkende akademiese tydskrif dat ’n artikel ingedien is, by die Hoof: Studenteadministrasie indien. Die konsepartikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die verhandeling gedoen het en moet deur die studieleier goedgekeur wees indien die studieleier nie ’n mede-outeur is nie. Die studieleier sal verantwoordelik wees om toe te sien dat die artikel deur die proses van hersiening en hervoorlegging geneem word, soos wat vereis mag word. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.

## Slaag met lof

'n Student wat ’n verhandeling indien, slaag met lof indien ’n gemiddelde punt van minstens 75% behaal word vir die verhandeling (en die eksamen oor die gebied van die verhandeling).

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

Verhandeling: Tegnologiebestuur 890 (ITB 890) - Krediete: 180.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.